BYBELSTUDIES

Di	2/11	15:00	Huis Eikelaan	**In die rooi sitkamer**
Wo	3/11	18:30	Jeugkamer	Daniël 10
Do	4/11	09:30	Konsistorie	Handelinge 9

Die spesiale kollektes in Oktober / November 2021 gaan vir:

Sondag	31 Oktober	**Thusofonds**
Sondag	7 November	Emeritaatsversorging
Sondag	14 November	Emeritaatsversorging
Sondag	21 November	Uitdra van Evangelie
Sondag	28 November	Thusofonds

BYDRAE VIR MOTORSEKURITEIT Liewe broers en susters

Die donasies vir die sekerheidswag gedurende eredienste het die afgelope tyd skerp afgeneem. Daar is die afgelope maand sowat R 600 in die bussies by die kerkdeure afgedra. Die koste verbonde aan die sekuriteitsdiens is veel meer as die donasies en die verskil moet nou uit die kerkkas geneem word.

Dit is vir almal gerusstellend indien daar 'n sekuriteitswag by ons motors is. Die finansiële kommissie doen dus 'n beroep op lidmate om 'n bydrae in die verband te maak.

U donasie kan in die bussies by die kerkdeure gemaak word. Die karwag werk teen 'n salaris van die sekuriteitsmaatskappy.

Finansiële kommissie.

Kerklike bydrae en kollektes se inbetalings in die onderskeie rekeninge

Lidmate word daaraan herinner om in hierdie grendeltyd u **maandelikse kerkbydraes** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word. Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**. 680 280 002 (ABSA)
Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.** 680 340 137 (ABSA)
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: FNB Potchefstroom. Tjekrek. 627 805 92723

DIE KERKBLAD Die jongste uitgawe van Die Kerkblad is beskikbaar vir intekenare. Ons doen ook weer 'n beroep op lidmate wat nie ingeteken is nie, om dit asseblief te oorweeg. Besonderhede is by Prof Callie of by ouderling Pieter Aartsma beskikbaar.



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 37, nr 41 Sondag 31 Oktober 2021
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste Huis Eikelaan om 15:30: Ouderling wyk 9 **Paul Schutte** en wyk 10 **Flip Mostert.** Diaken: Wyk 9 **vakant** en Wyk 10 **Gerhard Willemse.**

EREDIENSTE Oggenddiens waargeneem deur Ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddienste om 9:30: Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: Woordbediening: 1 Samuel 6: 1 – 1 Samuel 7: 12.
Fokusverse: 1 Samuel 6: 9, 19; 1 Samuel 7: 1, 2-3.
TEMA: ***Ware godsdiens is op die HERE persoonlik gerig en is 'n offer van die hart (Die hervorming by Mispa).***
SING: Voorafsang: Psalm 43: 3, 4;
SING: Psalm 111: 1, 2; Psalm 112: 1, 4, 7 (eerste melodie van Skrifberyming 5 (Tema 4 - 8); Psalm 81: 1, 13, 14; Psalm 97: 1, 7

AAND:18:00.
GESAMENTLIKE EREDIENS OP HERVORMINGSONDAG
Vanaand sal daar, soos gebruiklik op **Hervormingsdag,** om **18:00** 'n gesamentlike aanderediens van die Gereformeerde Kerke in Potchefstroom in die kerkgebou van GK Potch-Bult plaasvind.

Ds Daan Bakker (emerituspredikant van GK Boksburg) sal DV die preekbeurt Sondag, 31 Oktober 2021 by Huis Eikelaan waarneem.

Hardekopieë van die preke kan Dinsdae tot Donderdae tussen 08:00 en 13:00 by die kerkkantoor bekom word.

Kollektes vanoggend: ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en vir ***Thusofonds*** in die rooi sakkies.

LIEF EN LEED

Ons is dankbaar dat die prosedure wat **Susan Nortjé** 079 781 0499 Donderdag in Wilmedpark ondergaan het, goed afgeloop het. Ons verseker haar en **Koos** van ons voorbidding vir hulle met die oog op 'n neurologiese ondersoek wat Susan Dinsdag sal ondergaan. Die moontlikheid van 'n kardiologiese ondersoek is nie uitgesluit nie.

Ons is baie dankbaar saam met **May Vorster** 082 877 0647 en **André** dat die operasie wat sy Maandag aan haar skouer ondergaan het, geslaagd was. Ons bid May volkome herstel en lewens-kwaliteit toe.

Ons is saam met **Fanie Jooste** 082 840 1156 en **Emmarentia** baie dankbaar vir die beterskap wat hulle ontvang het nadat hulle die week vantevore siek was.

Henna Labuschagne 084 260 6193 het Donderdag 'n onkoloog gesien, met wie die verdere behandeling bespreek is. Ons bede is dat ons troue Verbondsgod vir Henna en Lappies en hulle dierbares ryklik sal seën en volkome genesing sal gee.

Annemarie Steyn 067 926 4547 het steeds las van haar gesondheid en het Donderdag 'n opvolgbesoek gehad by die dokter wat die stent ingesit het. Ons bid vir beterskap en herstel van haar kragte.

Ons verseker **Helene van der Merwe** 018 294 6119 van ons voorbidding. Sy is Woensdag in Mooimed-hospitaal opgeneem met ernstige longontsteking en het geweldige pyn en ongemak verduur. Theo van der Merwe is ook tans ernstig siek met onder andere lugweg-fineksie. Hy sterk tuis aan. Dit is ons gebed dat ons hemelse Vader Helene, Theo en Magda in sy ontferming sal hou.

Mandie de Klerk 082 709 8659 is Donderdagaand uit Mooimedhospitaal ontslaan en sterk tuis aan. Sy moet D.V. oor twee weke weer 'n ondersoek deur die internis ondergaan. Dit is ons gebed dat die Here aan Mandie in sy genade goeie gesondheid en lewenskwaliteit sal gee.

Gratis midweek van 8 tot 12 November by Mabalingwe (naby Warmbad) beskikbaar. Slaapplek vir vier. Wonderlike bosveld en volop wild, onder andere olifante, buffels, renosters. Skakel prof Callie (082 337 7951).

Ons doen voorbidding vir die matrikulante wat met hulle eindeksamen begin het.
Mag julle die troue liefde van die Here in hierdie tyd ervaar sodat julle ook hierdie eksamen tot sy eer kan aflê.

VERJAARDAE HIERDIE WEEK

Die volgende lidmate word hartlik gelukgewens met hulle verjaardae. Mag dit vir u en u dierbares 'n baie geseënde nuwe lewensjaar wees

31 Okt	**Cathrien de Jager,** Macorina B7, ☎ 072 941 5608. Wyk 9
	Lina Minnaar, (94) Huis Eikelaan S58, ☎ 018 293 3995. Wyk 15
1 Nov	**Pieter Jooste,** Sol Plaatjies 131, ☎ 079 887 0474. Wyk 19
4 Nov	**Miekie Coetzee,** Villa Louanne 2, ☎ 071 887 1814. Wyk 4
	Annetjie Kruger, (90) Villa Michelle 3, ☎ 076 391 7688. Wyk 13
5 Nov	**Carmie Huisman,** Mooiriviertuine 8, ☎ 061 297 2891. Wyk 5
	Frieda v d Walt, Vyfhoek Hoewe 993, ☎ 071 069 6521. Wyk 3

VAN ONS KERKRAAD

Geroep tot die diens van ouderling

Die name van **Kobus Havenga** en **Gerhard Willemse** word ter approbasie aan die gemeente voorgehou vir die diens van ouderling. Indien die broers die roeping opvolg, sal hulle DV op 14 November in die diens bevestig word.

Katkisasie

	Sondag 31 Oktober	**Sondag 7 November**
Lesrooster: **Psalmvers:**	Les 21 en Sondag 21 Psalm 32: 1A	Les 22 en Sondag 22 Psalm 32: 1B
Katkisasie toesig:	Ouderling wyk 9: aflos Ouderling wyk 10: aflos	Ouderling wyk 11: aflos Ouderling wyk 12: aflos
Belydenisklas	NGB Les 20 HK Sondag 25	NGB les 21 HK Sondag 26 - 27

- Die Belydenisklas sal op **25 en 26 November** vanaf **09:00-12:00** hulle katkisasiesillabus afhandel. Hiérdie reëling is as gevolg van die eksamen wat vir hoërskoolleerders ook 'n aanvang neem. Ná die eksamen, sal ons die katkisasiewerksaamhede afhandel

Samuel Broadbent hou Mini Bazaar. Maandag 1 November 2021
Kom ons ondersteun hulle. Deure is oop vanaf 09:00 tot 14:00